# Gebedsbrief



## Geestelike Groei

### GOD werk in ons lewe deur die swaar en die moelike dinge.

Daar is een saak wat ons almal graag wil vermy: swaarkry en moeilikhede. Ons almal soek **omstandighede** van ewigdurende vrede en geluk. Ons reken dat ons almal dit verdien, want ons is mos immers nie slegte mense nie en die HERE is dit darem aan ons verskuldig.

Dit is egter nie hoe die HERE hierdie saak sien nie. Hy is besig om die beste in ons te werk sodat Sy **beeld** al meer in ons kan blyk. Hy wil ons geloof, die goud in ons, suiwerder maak, sodat ons soos 'n **spieël**, wat Sy heerlikheid uitstraal, kan wees.

Vir goud om gelouter te word is daar **vuur** nodig - 'n baie warm vuur. Die drek skei en word afgeskep sodat die goud suiwerder gelaat word. So is dit in die lewe van die gelowige ook; daar is vuur nodig. In Maleagi 3:1-3, sê die HERE dat die vuur van die smelters so warm is, en vra die vraag: Wie sal kan standhou? Die HERE bring na vore die drek in ons lewe sodat ons daarmee kan deel, dat ons die sonde kan **bely** en laat staan.

1 Petrus dui ook duidelik aan dat die HERE dit doen sodat die **egtheid** van ons geloof duidelik kan word. Hierdie geloof is kosbaarder as goud. Die geloof moet **waardigheid** en eer by die wederkoms ontvang. Die belangrike punt is dat ons **gesindheid** die van **verheug** moet wees.

In Hebreërs 12:4-12 stel die Skrif dit duidelik dat GOD ons tugtig en dat ons dit nie gering moet ag nie. Ons gesindheid moet die van **aanvaarding** wees, sodat ons gevorm kan word om in die heiligheid van GOD te kan deel.



Posbus 395 Evander 2280 Tel 017 689 2001/4 Faks 017 689 2018 adullamaca@secunda.co.za

# Geestelike Groei (vervolg)

Versterk die slap hande en die lam knieë, met ander woorde **aanvaar** GOD se dissipline en word gevorm.

Die moeilikste is as GOD soms ons naaste mense, familie, broers en susters in die geloof, gebruik om ons te **vorm**. Ons moet in alles die oog op die HERE hou en na HOM kyk en toelaat dat Hy ons vorm sodat ons in Sy **Heiligheid** mag deel. Dit is net moontlik as ons naby die HERE bly.


*Mag 2008*
*'n jaar van*
*besondere geestelike groei*
*vir ons almal*
*wees!*



**Maar die vrug van die GEES is**

**liefde**
**blydskap**
**vrede**
**lankmoedigheid**
**vriendelikheid**
**goedheid**
**getrouheid**
**sagmoedigheid**
**selfbeheersing**

**Galasiërs 5:22**



---

*Deurgrond my, o GOD, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!*

*Psalm 139:23,24*

# David skryf uit Zimbabwe

## Baie dankie vir al julle gebede. Dit is baie spannend hier in Zimbabwe ... somtyds voel dit vir my of die hele land-situasie my onderkry.

Telkemale is dit moelik om my gesin van kos te kan voorsien. Die winkels se voorraad is baie laag en baie dae is selfs basiese benodighede maar skraps. Sodra winkels weer voorraad begin inkry, is die pryse geweldig hoog en daarom onbekostigbaar vir die deursnee werker. Volgens die winkeleienaar se diskressie, kan pryse sonder kennisgewing verander en heeldag fluktueer.

Die volgende presidensiële verkiesing is in Maart 2008, net om die draai. Almal is baie bang ... veral vir dit wat ons nie weet nie ... die onbekende.

Ons is baie afhanklik van julle gebede. Bid asseblief saam met ons gesin en ons land vir hierdie sake:

- ons land Zimbabwe - vir vrede
- ons gesin en familie - vir beskerming
- vir die HERE se werk hier - dat ons sal daagliks en elke oomblik, sal volhard
- die kleuterskool bedieding - dat dit geseënd sal wees
- dat die GEES van liefde en eenheid tussen ons sal heers




Groete in CHRISTUS

# Tamatie Tonnels

## Die HERE seën ons onverdiend deur SY voorsiening met die uitbreiding van die tonnel-projek.

Die HEER het dit vir ons moontlik gemaak om die (tamatie) tonnel-projek hidroponies te kan verbou.

Tamaties word tans in drie strukture hidroponies verbou:

| | |
|---|---|
| net struktuur | 600 plantjies |
| klein tonnel | 300 plantjies |
| groot tonnel | 800 plantjies |



FOTO BO: Die binnekant van die groot tonnelstruktuur. Die tamatjieplantjies is hier omtrent sewe weke oud
Plantjies: 800

Dit gaan baie goed met die tamatie verkope. Ons voorsien tans tamaties aan die plaaslike mark, wat eetplekke, privaat kopers uit Embalenhle, Adullam personeel en die sending kombuis self, insluit.

Bid asseblief dat die HEER ons van 'n konstante mark sal voorsien.

**Hidroponies** beteken dat plantjies, in plaas van direk in die grond, in plant sakkies verbou word en dus voeding deur die water kry.

Die voordeel van hierdie manier van plant is dat meer tamaties in 'n kleiner area verbou kan word en die opbrengs terselfdertyd verhoog kan word.



FOTO LINKS: Witman gaan jong plantjies na vir siektes en om oortollige groeipunte uit te breek

# Tamatie Tonnels (vervolg)

Baie dankie aan elke individu wat dit



FOTO BO: Die nuwe verhittingsoond met die  kapasiteit om ses tonnels te verhit.

vir ons finansieël moontlik maak om die tonnelprojek stuk vir stuk te kan uitbrei.

Graag wil ons met dankbaarheid deel dat ons intussen twee water tenks en 'n verhittingsoond kon aanskaf. Sodra ons die nodige komponente vir die in en uit-laatstelsel van



FOTO REGS: 'n Werker besig in die netstruktuur om ta-matieplante te snoei en op te rank

Plantjies: 600



FOTO BO: Kunsmistenks vir die drie strukture

warm lug tussen oond en tonnels het, sal ons moontlik in die wintermaande ook tamaties kan kan produseer.

Bid asseblief saam met ons:

- vir arbeiders met 'n hart vir die werk
- vir finansies vir die nodige verhittingskomponente om spoedig met winterproduksie te kan begin
- teen plantsiektes en vir die nodige kennis om dit effektief te kan bestry
- dat die bestaande 4de en 5de tonnel strukture vir produksie gereed gemaak kan word

Baie dankie in besonder aan ons Hemelse Vader vir Sy voorsiening, beskerming en geduld met ons menslikheid.

# Ons Sendelinge ...

## Belarus ...

***Thys en Antonette Theron, ons Sendinggesin in Rusland, is bietjie met verlof en kuier tans by familie en vriende in Suid-Afrika & Namibië.***



**FOTO BO:** Die Theron Gesin

**FOTO ONDER:** 'n Tipiese kerkie in Beriosa. Thys besoek gereeld gemeentes waar hy die Boodskap bring. Hy en Antonette is ook betrokke by sel-groepies gedurende die week.





**FOTO LINKS:**
Die Therons lei 'n Jeugkamp gedurende Augustus '07

Bid asseblief saam met ons dat die HEER hul bediening sal seën en hul SY wysheid en insig sal gee sodat siele tot bekering kan kom en in 'n lewendige verhouding met JESUS kan staan. Bid dat hul verhouding daagliks met JESUS steeds sal bly verdiep. Ook vir hul gesin se gesondheid, beskerming, Antonette met die tuisskool van hul drie kinders en die bestuur van die boerdery.

## Emzinoni ...

***Elias Dhlamini doen uitreike in die Emzinoni Plakkerskamp (Bethal)***

Bid asseblief vir sy bediening waar hy die WOORD bring in: skole, tronke, tentdienste, kerkdienste en met berading. Bid vir hom vir wysheid met elke persoon, vir volharding en vir seën in sy bediening. Bid ook asseblief vir sy twee kinders vir gehoorsaamheid en leiding in die HEER se wil. Bid vir 'n persoonlike verdieping, as gesin, in hul verhouding met JESUS CHRISTUS.





**FOTO REGS:** Elias het Kersdag saam met Adullam Sending geniet.

# Ons sluit 2007 spesiaal af ...

**'n GROOT skenking het dit vir Adullam Personeel en hulle kinders moontlik gemaak om van die Kersnaweek 'n onvergeetlike een te maak.**


kersglimlag!


kersopvoering!

**Twee springkastele** het kinders van klein tot groot vir ure vermaak. Daarna het 'n lang tafel met die **heerlikste geregte** gekreun onder die kos! 'n Kleurvolle **kersboom** met flikkerende liggies het die eetsaal ingekleur.


koningskos!


plaas kersvader!


tafel vol glimlagte!

Die **kersopvoering** het op 'n besondere wyse JESUS CHRISTUS se geboorte geillustreer.


poeding!


Kindergesiggies het gestraal toe **Kersvader** tussen die huise verskyn … met 'n **geskenk** vir oud en jonk.


geskenke!


waatlemoen!


braaivleis vir baie!

Nuwejaar is braaivleis, pap en suikersoet waatlemoenstukke die kombuis ingedra … ons is **bederf - *terdeë!***


almal geniet 'n tjoppie!


springkasteel!

**Baie dankie aan ons HEER as die GROOT GEWER!**

# KALENDER

## 20-23 Maart 2008

# Paaskonferensie 2008

## Dienstye


Die Konferensie begin op Donderdag 20 Maart om 19:00.
Drie dienste sal daagliks gelei word van


Vrydag tot Sondag om
10:00, 15:00 en 19:00.

Die Konferensie eindig Sondagaand 23 Maart om 19:00.

Soos altyd is u baie welkom om u karavaan te bring en hier te kom kamp, gedurende die konferensie.

Kontak gerus die Kantoor by 017 689 2001/4
vir besonderhede.





## Paaskonferensie Preek Opnames

Alle dienste sal opgeneem word en te koop wees na afloop van die Konferensie.
U kan 'n bestelling in CD of MP3 formaat plaas.



*Posbus 395 Evander 2280 * Tel 017 689 2001/4 *Faks 017 689 2018 * adullamaca@secunda.co.za *